



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

10711

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)

REKENINGKUNDE V1

TYD: 2 uur



PUNTE: 150

10711A

11 bladsye + 'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordboek

X05



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy so verkies, mag jy die formuleblad met Finansiële Aanwysers gebruik wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Maatskappy Finansiële State	50	40
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	30
3	Interpretasie van Finansiële State	45	40
4	Korporatiewe Bestuur	15	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BEGRIPPE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

(50 punte; 40 minute)

- 1.1 Kies die korrekte term uit die lys hieronder wat betrekking het met elkeen van die volgende stellings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Staat van Omvattende Inkomste; Nie-bedryfslaste;
Finansiële bates; Bedryfslaste; Bedryfsbates; Staat van Finansiële Posisie

1.1.1 Die korttermyn laste van die besigheid

1.1.2 'n Finansiële staat wat 'n maatskappy se winsgewendheid tydens 'n spesifieke periode uiteensit

1.1.3 'n Vaste deposito wat oor vier jaar verval

(3 x 1) (3)

1.2 Tok Zen Bpk

Die volgende inligting het betrekking op Tok Zen Bpk. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2025 geëindig.

GEVRA:

1.2.1 Verwys na inligting A en B.

Bereken die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig op 30 Junie 2025. Toon 'n (+) vir toename en 'n (-) vir afname. (12)

1.2.2 Verwys na inligting A – G.

Berei die volgende voor soos op 30 Junie 2025:

- Behoue-inkomste-nota (7)
- Staat van Finansiële Posisie (28)

LET WEL: Toon bewerkings, sommige bedrae word in die ANTWOORDBOEK voorsien.

INLIGTING:
A. Lys van saldo's op 30 Junie voordat enige van die onderstaande aansuiwerings in ag geneem is

BALANSSTAATREKENINGE AFDELING	2025 R	2024 R
Gewone aandelekapitaal	9 600 000	10 000 000
Behoue inkomste	?	670 100
Lening: Jen Gem Bank	?	1 800 000
Vaste bates teen drawaarde	?	8 647 000
Vaste deposito: Jen Gem Bank	?	1 500 000
Handelsvoorraad	?	
Netto handelsdebiteure	424 000	
Kontant en kontantekwivalente	192 300	
SAID (Inkomstebelasting)	235 000 Dt	
Krediteurekontrole	116 860	
NOMINALE REKENINGE AFDELING		
Direkteursfooie	1 126 250	
Huurinkomste	105 100	

B. Netto wins voor belasting ter waarde van R1 153 150 is bereken, voordat die volgende regstellings gedoen is:

- (i) Voorsiening vir oninbare skuld moet verhoog word met R7 350.
- (ii) R12 000 van die versekeringskontrak was vir die tydperk 1 Julie 2025 tot 31 Desember 2025.
- (iii) Huur is ontvang vir die tydperk van 1 Julie 2024 tot 31 Augustus 2025. Weens bykomende huurspasie is die huur met R500 per maand verhoog, vir slegs die drie maande, vanaf 1 Mei 2025 tot 31 Julie 2025.
- (iv) Aan die begin van die finansiële jaar het die maatskappy twee direkteure gehad. Beide hierdie direkteure het nie hul fooie vir Junie 2025 ontvang nie. 'n Derde direkteur is op 1 Februarie 2025 aangestel, teen 'n fooi van 10% laer as die huidige direkteure, en hy het sy fooie vir die huidige jaar ontvang.
- (v) 'n Verdere R55 000 is verskuldig vir inkomstebelasting op 30 Junie 2025.

C. Vaste bates

Inaggenome al die veranderinge tot aan die einde van die finansiële tydperk wat vaste bates gedurende die jaar beïnvloed het, het die totale bewegings van vaste bates, R1 352 000 beloop.

D. Finansiële bates

'n Derde van die vaste deposito verval op 31 Desember 2025.

E. 'n Debiteur se debietsaldo van R9 560 in die Debiteuregrootboek moet nog na haar rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.

F. Leningstaat: Jen Gem Bank

	R
Terugbetalings vir die jaar, rente ingesluit	?
Rente gekapitaliseer vir die jaar. Dit verteenwoordig 30% van die totale terugbetaling vir die jaar	234 000

- R270 000 van die lening sal binne die volgende finansiële jaar terugbetaal word.

G. Gewone aandele en dividende

Datum	Besonderhede
1 Julie 2024	2 500 000 gewone uitgereikte aandele
31 Oktober 2024	4% van die uitgereikte aandele is teruggekoop teen R6,10. Hierdie transaksie is geboekstaaf.
30 Junie 2025	? gewone uitgereikte aandele

LET WEL: Addisionele aandele is nie gedurende die jaar uitgereik nie.

- Interim dividende is nie gedurende die jaar verklaar nie.
- Finale dividende van 21 sent per aandeel is aan die einde van die finansiële jaar verklaar.

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

(40 punte; 30 minute)

2.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 (Aandeelhouersekuiteit/Dividende) is verdienste vir aandeelhouers as opbrengs op hul beleggings.

2.1.2 'n Afname in debiteure toon 'n kontant (invloei/uitvloei).

2.1.3 Rente uitgawe word geklassifiseer as (bedryfs/finansierings) -uitgawe.

(3 x 1) (3)

2.2 MYAN TECH BPK

Die inligting hieronder het betrekking op die finansiële jaar wat op 31 Mei 2025 eindig. Die besigheid koop en verkoop tegnologieprodukte.

GEVRA:

2.2.1 Voltooi die Gewone-aandelekapitaal-nota op 31 Mei 2025.

(7)

2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Belasting betaal

(4)

- Dividende betaal

(5)

2.2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:

- Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite

(6)

- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente

(4)

2.2.4 Die direkteure het opsies geïdentifiseer om R1,5 miljoen se fondse te bekom, wat nodig is om nuwe produkte in te voer en die besigheid uit te brei, sonder om die besigheid se risiko vir die volgende finansiële jaar te verhoog.

Watter befondsingsopsies kan die maatskappy oorweeg, sonder om addisionele lenings aan te gaan? Haal TWEE bronne met syfers aan.

(2)

2.2.5 Bereken die volgende aanwysers vir die jaar geëindig op 31 Mei 2025:

- % Netto wins na belasting op verkope

(2)

- Netto batewaarde per aandeel

(3)

- Dividende uitbetalingskoers

(4)

INLIGTING:

A. Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste op 31 Mei 2025

Verkope	R20 250 000
Koste van verkope	12 656 250
Waardevermindering	855 000
Rente op lening	608 000
Inkomstebelasting	553 000
Netto wins na belasting	1 633 100

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op:

	31 Mei 2025 R	31 Mei 2024 R
Handelsvoorraad	2 348 000	1 762 000
Debiteurekontrole	182 400	209 100
SAID (Inkomstebelasting)	37 600 Dt	111 000 Dt
Kontant en kontantekwivalente	936 000	233 000
Gewone aandeelhouersekewiteit	8 950 000	
Gewone aandeelkapitaal	7 191 000	5 160 000
Behoue inkomste	1 759 000	
Lening: Zed Bank	?	5 821 600
Krediteurekontrole	89 200	104 300
Bankoortrekking	0	360 800
Aandeelhouders vir dividende	224 000	?

C. Aandeelkapitaal en dividende:

- Addisionele aandele is gedurende die jaar uitgereik.
- Op 1 September 2024 was daar 800 000 aandele reeds uitgereik.
- Interim dividende is op 30 November 2024 betaal.
- Op 30 April 2025 koop die maatskappy aandele terug. Die gemiddelde prys beloop 85% van die terugkoopprys. Hierdie aandele kwalifiseer vir finale dividende.
- Op 31 Mei 2025 was daar 705 000 uitgereikte aandele.
- 'n Finale dividend per aandeel is op 31 Mei 2025 verklaar.

LET WEL: Finansiële rekords op 31 Mei 2024 het die volgende getoon:

- Slegs 500 000 aandele is uitgereik.
- 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is verklaar.

D. Na inagneming van alle aansuiwerings, is die volgende finansiële aanwysers bereken:

- Skuldekewiteitsverhouding – 0,6 : 1
- Dividende per aandeel – 48 sent

VRAAG 3: INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE INLIGTING

(45 punte; 40 minute)

DODO BPK EN NASHA BPK

Jy word voorsien van inligting wat met twee maatskappy verband hou.

Ben Komani besit aandele in beide Dodo Bpk and Nasha Bpk.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings versoek word, moet jy: • Finansiële aanwysers en neigings met syfers aanhaal • 'n Rede of verduideliking verskaf vir die finansiële aanwyser aangehaal
--

3.1 Winsgewendheid:

Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers en neigings, aan van dié maatskappy wat 'n verbetering in hul bedryfseffektiwiteit getoon het. (4)

3.2 Likiditeit:

- Die direkteure van Dodo Bpk is besorg oor voorraadbeheer. Haal EEN finansiële aanwyser en ander relevante finansiële data aan om hierdie kommer te bevestig. (4)

- Identifiseer die maatskappy wat meer voorraad aanhou. Toon berekeninge en verduidelik deur gebruik te maak van finansiële aanwysers. (3)

3.3 Dividende uitbetalingsbeleid:

Verduidelik aan Ben watter maatskappy genoeg fondse behou het om uitbreidings in die komende finansiële jaar te finansier. Haal syfers aan en verskaf 'n vergelyking om jou antwoord te ondersteun. (5)

3.4 Aandeelprys op aandelebeurs:

- Lewer kommentaar oor die verandering in die aandeelprys van elke maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) aan die einde van die finansiële jaar. Haal syfers en neigings aan. (4)

- Verskaf EEN faktor vir elke maatskappy wat veranderinge in hul aandeelprys kon beïnvloed het. (2)

3.5 Finansieringstrategie:

Die Bedryfshoof (BH) van Nasha Bpk het die senior bestuursspan oorreed om 'n lening aan te gaan. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers en neigings aan om hierdie stelling te bevestig. (3)

3.6 Aandeelhouding:

Vewys na Inligting A en B.

- Bereken die totale bedrag wat Ben ontvang het vir die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk. (2)
- Bereken die addisionele bedrag, buiten die bedrag verdien uit die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk, wat Ben moes bydra om die aandele in Nasha Bpk te koop. (4)
- Verduidelik TWEE voordele wat Ben sal verloor ná die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk. (4)
- Ben se % aandeelhouding in Nasha Bpk sal verander na die aankoop van addisionele aandele. Hy is nou die meerderheidsaandeehouer. Verduidelik TWEE potensiele uitdagings of probleme om 'n meerderheidsaandeehouer te wees. (4)

3.7 Sukses van 'n direkteur:

Verduidelik DRIE noodsaaklike eienskappe van 'n suksesvolle direkteur in 'n winsgewende maatskappy. (6)

INLIGTING:

A. Agtergrondinligting:

- Ben Komani besit aandele in beide Dodo Bpk en Nasha Bpk.
- Hy verkoop 132 000 aandele van sy aandele in Dodo Bpk en koop dieselfde hoeveelheid aandele in Nasha Bpk.

LET WEL: Hierdie transaksies het aan die begin van die finansiële jaar plaasgevind.

Aandelekapitaal:

	Dodo Bpk		Nasha Bpk	
	2025	2024	2025	2024
Totale aantal aandele uitgereik	600 000	600 000	1 000 000	800 000
Aandele besit deur Ben	?	301 000	?	389 000
% Aandeelhouding in elke maatskappy	?	50,2%	?	48,63%

- Beide maatskappye het geen aandele gedurende die jaar teruggekoop nie.

B. Finansiële aanwysers, markpryse van aandele en ander finansiële data op 30 April

	Dodo Bpk		Nasha Bpk	
	2025	2024	2025	2024
Winsopslagpersentasie	45%	45%	65%	60%
% Bedryfsuitgawes op verkope	25,2%	23,4%	18%	22%
% Netto wins na belasting op verkope	9,4%	10,2%	13,8%	13,1%
Solvabiliteitsverhouding	1,6 : 1	1,4 : 1	2,8 : 1	2,9 : 1
Bedryfsverhouding	2,3 : 1	2,5 : 1	1,9 : 1	1,8 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	0,9 : 1	1,1 : 1	1,1 : 1
Voorraadamsetsnelheid	8,2 keer	8,9 keer	15 keer	14 keer
Opbrengs op aandeelhouersekweiteit	10,2%	10,8%	15,9%	14,8%
Verdienste per aandeel	89c		143c	
Dividend per aandeel	86c		72c	
Dividende uitkeerkoers	97%		50%	
Netto batewaarde per aandeel	792c		1 028c	
Skuldekweiteitsverhouding	0,8 : 1	0,8 : 1	0,5 : 1	0,4 : 1
Markprys per aandeel	720c	933c	1 320c	1 123c
Rentekoers op lenings	13%	12%	13%	12%
Rentekoers op vaste deposito's	7,5%	7%	7,5%	7%
Saldo's				
Handelsvoorraadtekort	R25 030	R12 470	R0	R1 870

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 10 minute)**

Jy word voorsien van 'n opgesomde weergawe van 'n mediavrstelling van Kings Bpk. Lees die verwerkte uittreksel uit die mediaverklaring en gebruik jou kennis oor maatskappye om die volgende vrae te beantwoord.

GEVRA:

LET WEL: MOENIE jou antwoorde oor verskeie vrae herhaal wanneer jy dit beantwoord NIE.

- 4.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 4.1.1 Die (direkteur/interne ouditeur/eksterne ouditeur) ondersoek die maatskappy se finansiële rekords en interne beheermaatreëls om enige rekeningkundige teenstrydighede te identifiseer.
- 4.1.2 Maatskappye berei akkurate finansiële state voor in ooreenstemming met (die ouditkomitee/Internasionale Finansiële Rapportering Standaarde (IFRS)/die aandeelhouers) om deursigtigheid en aanspreeklikheid te verseker. (2 x 1) (2)
- 4.2 Identifiseer TWEE kwessies rakende korporatiewe bestuur wat duidelik blyk uit die Kings Bpk saak. (2)
- 4.3 Verskaf TWEE redes waarom deursigtigheid noodsaaklik is as 'n element van etiek rakende korporatiewe bestuur binne 'n maatskappy. (4)
- 4.4 Verduidelik TWEE rolle van 'n ouditkomitee in die voorkoming van teenstrydighede in finansiële verslagdoening. (4)
- 4.5 Gee DRIE gevolge van swak korporatiewe bestuur vir 'n maatskappy soos Kings Bpk. (3)

UITTREKSEL UIT DIE MEDIAVERKLARING:**KINGS BPK: 'n KORPORATIEWE SKANDAAL EN DIE NAGEVOLGE DAARVAN**

Kings Bpk, 'n multinasionale kleinhandelkorporasie, was betrokke by 'n groot korporatiewe skandaal. Die maatskappy het onlangs "rekeningkundige onreëlmatighede" aangemeld wat daarna bedrieglike aktiwiteite ter waarde van miljarde rande aan die lig gebring het. Dit het gelei tot 'n noemenswaardige en langdurige daling in sy aandeelprys, wat uiteindelik tot die bedanking van belangrike bestuurders gelei het.

Die skandaal het ernstige gebreke in korporatiewe bestuur aan die lig gebring, gekenmerk deur 'n gebrek aan deursigtigheid, ontoereikende toesig deur die direksie en onvoldoende finansiële beheermaatreëls. Die maatskappy het probleme ondervind om stabiliteit te herwin, wat tot die verlies van aandeelhouers gelei het.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handels & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 onder)	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 onder)
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 onder)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar mag gebruik word indien so vereis in 'n vraag. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is. - Krediet aankope mag gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees indien voorraad konstant is). - Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegde gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.	



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

10711

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 1)

ANTWOORDBOEK

11 bladsye

NAAM VAN SKOOL:

NAAM VAN LEERDER:

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	PUNTE BEHAAL
1	Maatskappy Finansiële State	50	
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	
3	Interpretasie van Finansiële State	45	
4	Korporatiewe Bestuur	15	
TOTAAL		150	

VRAAG 1

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	

3

1.2.1

**KORREKTE NETTO WINS NA BELASTING VIR DIE JAAR GEËINDIG OP
30 JUNIE 2025**

Foutiewe netto wins voor belasting	1 153 150
Netto wins voor belasting	
Netto wins na belasting	

12

1.2.2 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

Saldo aan begin van die jaar	670 100
Dividende op gewone aandele	
Interim dividend	
Finale dividend	
Saldo aan einde van die jaar	

7

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) OP 30 JUNIE 2025

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste bates	
Vaste deposito	
BEDRYFSBATES	
Handels- en ander ontvangbares (424 000)	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
AANDEELHOUSERSEKWITEIT	
Gewone aandelekapitaal	9 600 000
Behoue inkomste	
NIE-BEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
Handels- en ander betaalbares (116 860)	
Korttermyngedeelte van lening	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

28

TOTALE PUNTE

50

VRAAG 2

2.1

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	

3

2.2.1 Gewone - aandelekapitaal-nota op 31 Mei 2025

	Gewone aandele aan begin van jaar	5 160 000
	Gewone aandele aan einde van jaar	7 191 000

7

2.2.2

Bereken: Belasting betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: Dividende betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD

5

2.2.3

KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE	

6

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE	

4

2.2.4

Die direkteure het opsies geïdentifiseer om R1,5 miljoen se fondse te bekom, wat nodig is om nuwe produkte in te voer en die besigheid uit te brei, sonder om die besigheid se risiko vir die volgende finansiële jaar te verhoog.

Watter befondsingsopsies kan die maatskappy oorweeg, sonder om addisionele lenings aan te gaan? Haal TWEE bronne met syfers aan.

2

VRAAG 3

3.1 Winsgewendheid:

Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers en neigings, aan van dié maatskappy wat 'n verbetering in hul bedryfseffektiwiteit getoon het.

4

3.2 Likiditeit:

Die direkteure van Dodo Bpk is besorg oor voorraadbeheer. Haal EEN finansiële aanwyser en ander relevante finansiële data aan om hierdie kommer te bevestig.

4

Identifiseer die maatskappy wat meer voorraad aanhou. Toon berekeninge en verduidelik deur gebruik te maak van finansiële aanwysers.

3

3.3 Dividende uitbetalingsbeleid:

Verduidelik aan Ben watter maatskappy genoeg fondse behou het om uitbreidings in die komende finansiële jaar te finansier. Haal syfers aan en verskaf 'n vergelyking om jou antwoord te ondersteun.

5

3.4 Aandeelprys op aandelebeurs:

Lewer kommentaar oor die verandering in die aandeelprys van elke maatskappy op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) aan die einde van die finansiële jaar. Haal syfers en neigings aan.

Dodo Bpk	
Nasha Bpk	

4

Verskaf EEN faktor vir elke maatskappy wat veranderinge in hul aandeelprys kon beïnvloed het.

Dodo Bpk	
Nasha Bpk	

2

3.5 Finansieringstrategie:

Die Bedryfshoof (BH) van Nasha Bpk het die senior bestuurspan oorreed om 'n lening aan te gaan. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers en neigings aan om hierdie stelling te bevestig.

--

3

3.7 Sukses van 'n direkteur:

Verduidelik DRIE noodsaaklike eienskappe van 'n suksesvolle direkteur in 'n winsgewende maatskappy.

6

TOTALE PUNTE

45

VRAAG 4

4.1	4.1.1		
	4.1.2		2
4.2	Identifiseer TWEE kwessies rakende korporatiewe bestuur wat duidelik blyk uit die Kings Bpk saak.		2
4.3	Verskaf TWEE redes waarom deursigtigheid noodsaaklik is as 'n element van etiek rakende korporatiewe bestuur binne 'n maatskappy.		4
4.4	Verduidelik TWEE rolle van 'n ouditkomitee in die voorkoming van teenstrydighede in finansiële verslagdoening.		4
4.5	Gee DRIE gevolge van swak korporatiewe bestuur vir 'n maatskappy soos Kings Bpk.		3


TOTALE PUNTE
15

TOTAAL: 150

EINDE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025



REKENINGKUNDE ANTWOORDBOEK V1



10711X



X05



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 1 (10711)

11 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **Let wel:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
9. Een deel korrek beteken "bewerking en een deel korrek". Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die redelikheid van die antwoord deur die nasiener gekontroleer word en ten minste een deel moet korrek wees alvorens die punt toegeken word. Indien 'n syfer 'n metodepunt verdien het, moet dit as "een deel korrek" aanvaar word.
10. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
12. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.

VRAAG 1

Moenie afkortings aanvaar nie

1.1	1.1.1	Bedryfslaste	✓
	1.1.2	Staat van omvattende inkomste	✓
	1.1.3	Finansiële bates	✓

3

1.2.1 KORREKTE NETTOWINS NA BELASTING VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 30 JUNE 2025

Foutiewe nettowins voor belasting	1 153 150
Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering	– 7 350 ✓
Versekering	+ 12 000 ✓
Huurinkomste [103 600/14] [7 400 + 500] (7 400 ✓✓ + 7 900 ✓)	– 15 300 ✓*#
Direkteursfooie een punt een punt 1 126 250 ✓ x [200/2 650] ✓ OF 1 126 250 – 1 211 250	– 85 000 ✓*#
Netto wins voor belasting	1 057 500
Inkomstebelasting ignoreer teken/hakies	– 290 000 ✓✓
Netto wins na belasting toets bewerking; Inkomstebelasting moet afgetrek word	767 500 ✓

12

*een deel korrek, met korrekte teken; Aanvaardie gebruik van hakies as “-“ teken.
Indien teken foutief, ken volpunte vir bewerkings toe.
Indien foutief, merk bewerkings. Kan nie volpunte toeken i.g.v. oorbodige syfers.
Indien bewerking as finale antwoord gegee is, ken slegs bewerkingspunt(e) toe.

1.2.2 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA

Saldo aan die begin van jaar	670 100
Nettowins na belasting sien 1.2.1	767 500 ✓
Terugkoop van aandele (100 000 ✓ x 2,10 ✓)	(210 000) ✓*#
Dividende op gewone aandele	(504 000)
Interim dividend	0
Finale dividend (2 400 000 x 21/100)	504 000 ✓✓*
Saldo aan die einde van jaar Kontroleer bewerking, aandele teruggekoop en totale dividende moet afgetrek word.	723 600 ✓

7

*een deel korrek
Ignoreer hakies

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (BALANSSTAAT) OP 30 JUNIE 2025

BATES		
NIE-BEDRYFSBATES	10 999 000	☑*
Vaste bates	9 999 000	✓
Vaste deposito 4	1 000 000	✓✓
BEDRYFSBATES TB - NBB	1 345 200	☑
Voorraad balanseersyfer	233 810	☑
Handels- en ander ontvangbares (424 000 – 7 350 ✓ + 12 000 ✓ – 9 560 ✓) Vvos Versekering Oordrag	419 090	☑*
Kontant en kontantekwivalente (192 300 + 500 000)	692 300	✓☑*
TOTALE BATES sien Totale E+L	12 344 200	☑
9		
EKWITEIT EN LASTE		
AANDEELHOUSERSEKWITEIT Bewerking	10 323 600	☑
Gewone aandelekapitaal	9 600 000	
Behoue inkomste sien 1.2.2 2	723 600	☑
NIE-BEDRYFSLASTE	984 000	
Lening: XY Bank [1 800 000 – 546 000] 1 254 000 ✓✓ – 270 000 ✓ 4	984 000	☑*
BEDRYFSLASTE	1 036 600	☑*
Handels- en ander betaalbares (116 860 + 15 300 ☑ – 9 560 ☑ + 85 000 ☑) Huurink. Oordrag Dir.fooie	207 600	☑*
Korttermyngedeelte van lening	270 000	✓
Aandeelhouders vir dividende sien 1.2.2	504 000	☑#
SAID (Inkomstebelasting)	55 000	✓#
TOTALE EKWITEIT EN LASTE AHB + NBL + BL 9	12 344 200	☑

28

* een deel korrek

Kontroleer: of ingesluit in H&AB

-1 vreemde item (maks -2); plasing -1 (maks -1).

Let op Beginsel 11 as metodepunte toeken: Bewerking volgens kandidaat se berekening, tensy gespesifiseer.

TOTALE PUNTE

50

VRAAG 2

Moenie afkortings aanvaar nie.

2.1

2.1.1	Dividende	✓
2.1.2	invloei	✓
2.1.3	finansierings	✓

3

2.2.1 Gewone aandelekapitaal-nota op 31 Mei 2025

500 000 ✓	Gewone aandele aan begin van jaar	5 160 000
300 000 ✓	Aandele uitgereik gedurende jaar Balanseersyfer Kontroleer bewerking: terugkoop moet afgetrek word	3 000 000 ☒
(95 000) ✓#	Terugkoop v. aandele @ R10,20 ✓gemiddeld	(969 000) ☒ #
705 000 ✓	Gewone aandele aan einde van jaar	7 191 000

7

*een deel korrek
ignoreer hakies

2.2.2

Bereken: Belasting betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$37\,600 \checkmark + 553\,000 \checkmark - 111\,000 \checkmark$ OF $111\,000 - 553\,000 - 37\,600$	$479\,600 \checkmark \#$ Ignoreer hakies

4

Bereken: Dividende betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{ccc} [500\,000 \times 22/100] & & [800\,000 \times \#20/100] \\ 110\,000 \checkmark \checkmark & + & 160\,000 \checkmark \checkmark \end{array}$	$270\,000 \checkmark \#$ Albei syfers saamtel. Ignoreer hakies.

5

*een deel korrek

Wees bedag op alternatiewe bewerkings soos grootboekrekeninge of tekens / hakies omgeruil.
 Maak seker dat slegs een opsie konsekwent gemerk word.
 Indien bewerkingsyfers as finale antwoord gegee word, gee punt(e) soos toegeken.

2.2.3

KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE	
Opbrengs met uitreik van aandele sien 2.2.1	3 000 000 ☒ *
Terugkoop van aandele: Sien GAK [Gemid. prys x 100/85] OF [10,20 + 1,80] 95 000 x R12 ✓✓ OF 969 000 + 171 000	(1 140 000) ☒ *# Indien x terugkoop aandele (2.2.1)
Terugbetaling van lening [8 950 000 x 0,6] 5 821 600 – 5 370 000	(451 600) ✓✓

6

*een deel korrek

Indien bedrag korrek sonder hakies en geen bewerkings getoon, ken slegs bewerkingspunte toe (nie finale punt)

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE	1 063 800 ☒ *
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN	(127 800) ✓✓
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE	936 000 ✓

4

*een deel korrek

2.2.4

Die direkteure het opsies geïdentifiseer om R1,5 miljoen se fondse te bekom, wat nodig is om nuwe produkte in te voer en die besigheid uit te brei, sonder om die besigheid se risiko vir die volgende finansiële jaar te verhoog.

Watter befondsingsopsies kan die maatskappy oorweeg, sonder om addisionele lenings aan te gaan? Haal TWEE bronne met syfers aan.

- Behoue inkomste – R1 759 000 ✓
- Opbrengs met uitreik van aandele – R3 000 000 ✓

2

2.2.5 Bereken die volgende aanwysers vir die jaar geëindig op 31 Mei 2025:

% Netto wins na belasting op verkope	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{1\,633\,100}{20\,250\,000} \times \frac{100^*}{1}$	8,1% ✓ ☒ * een deel korrek % nie noodsaaklik
Netto batewaarde per aandeel	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{8\,950\,000 \checkmark}{705\,000 \checkmark} \times \frac{100^*}{1}$	1 270 sent ☒ * Aanvaar 1 269,5 Een deel korrek. Sent nie noodsaaklik
Dividende uitbetalingskoers	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{(800\,000 \times 48/100) \text{ OF } (224\,000 + 160\,000)}{1\,633\,100 \checkmark} \times \frac{100^*}{1} \quad \text{OF} \quad \frac{0,48}{2,04} \times \frac{100}{1}$	23,5% ☒ * Een deel korrek % nie noodsaaklik

- By ELKE berekening is die 'x 100' nie 'een deel korrek nie',
- Tellers en noemers moet korrek, soos gegee, nagesien word.
- Ken geen punte toe indien bewerkings met alleenstaande syfers gedoen. Bv. Geen punt toegeken indien enige bewerking met R8 950 000 of R705 000 of R1 633 100.

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1 Winsgewendheid:

Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers en neigings, aan van dié maatskappy wat 'n verbetering in hul bedryfseffektiwiteit getoon het.

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Syfers en neigings ✓ ✓

Nasha Bpk toon 'n verbetering:

- % Bedryfsuitgawes op verkope het afgeneem (van 22%) tot 18% / met 4% punte / met 18%
- % Nettowins na belasting op verkope het toegeneem van (13,1%) tot 13,8% / met 0,7% punte / met 5,3%

Moenie winsopslag % aanvaar

4

3.2 Likiditeit:

Die direkteure van Dodo Bpk is besorg oor voorraadbeheer. Haal EEN finansiële aanwyser én ander relevante finansiële data aan om hierdie kommer te bevestig.

Finansiële aanwyser ✓ Finansiële data ✓ Syfers en neigings ✓ ✓

- Voorraadomsetsnelheid het afgeneem (van 8,9 keer) tot 8,2 keer/met 0,7 keer.
- Handelsvoorraadtekort het (van R12 470) tot R25 030 / met R12 560 / met 100,7% toegeneem.

4

Identifiseer die maatskappy wat meer voorraad aanhou. Toon berekeninge en verduidelik deur gebruik te maak van finansiële aanwysers.

Dodo Bpk
 $2,3 : 1 - 0,8 : 1 = 1,5 : 1$ ✓

Nasha Bpk
 $1,9 : 1 - 1,1 : 1 = 0,8 : 1$ ✓

Dodo Bpk hou 0,7 : 1 meer voorraad as Nasha Bpk. ✓

3

3.3 Dividende uitbetalingsbeleid:

Verduidelik aan Ben watter maatskappy genoeg fondse behou het om uitbreidings in die komende finansiële jaar te finansier. Haal syfers aan en verskaf 'n vergelyking om jou antwoord te ondersteun.

Nasha Bpk hou meer winste terug. ✓

- Dodo behou 3,4% (3%) van verdienste. ✓✓
- Nasha behou 49,7% (50%) van verdienste ✓✓

Vir VYF punte:

Nasha Bpk behou 46,3% (47%) meer winste as Dodo Bpk.

5

3.4 Aandeelprys en aandeelbeurs:

Lewer kommentaar oor die verandering in die aandeelprys van elke maatskappy op die Johannesburgse Aandeelbeurs (JSE) aan die einde van die finansiële jaar. Haal syfers en neigings aan.	
Vergelyk MP met NBW ✓ ✓ syfers ✓ ✓	
Dodo Bpk	Markprys van 720c is minder as NBW van 792c <i>Vir EEN punt:</i> Markprys daal van 933 sent tot 720 sent
Nasha Bpk	- Markprys van 1 320c is minder as NBW van 1 028c <i>Vir EEN punt:</i> - Markprys styg van 1 123 sent tot 1 320 sent

4

Verskaf EEN faktor vir elke maatskappy, wat veranderinge in hul aandeelprys kon beïnvloed het.	
EEN geldige verduideliking ✓ ✓	
Dodo Bpk	- Gebrek aan beleggersvertroue / 'n Gekwalifiseerde of Meningweerhou verslag wek kommer oor betroubaarheid van maatskappy se finansiële state. - Maatskappy se aandele is onderwaardeer. - Gebrek aan groei en ontwikkeling stel mark teleur. - Daar mag kontantvloei probleme wees of hoë skuld bekommernisse. - Oneffektiewe leierskap wat strategiese rigting beïnvloed. - Gebrek aan innovasie in vergelyking met mededingers.
Nasha Bpk	- Hoë aanvraag na aandele / ongekwalifiseerde auditverslag mag beleggersvertroue verbeter. - Daar is aansienlike groeivoorsigte/potensiële uitbreidings - Konsekwente hoë verdienste wat beleggers aanvraag verhoog. - Vertoue in leierskap ten opsigte van toekomstige strategiese onderhandelinge - Geloofwaardigheid van bestuur wat positiewe resultate lewer.

2

3.5 Finansieringstrategie:

Die bedryfshoof (BH) van Nasha Bpk het die senior bestuurspan ooreed om 'n lening aan te gaan. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers en neigings aan om hierdie stelling te bevestig.	
Finansiële aanwysers ✓ Syfers en neigings ✓ ✓	
Skuldekwaiteitsverhouding het verhoog van 0,4 : 1 tot 0,5 : 1	

3

3.6 Aandeelhouing:

Bereken die totale bedrag wat Ben ontvang het vir die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$132\,000 \times 933/100$	1 231 560 ✓✓

2

*een deel korrek

Bereken die addisionele bedrag, buiten die bedrag verdien uit die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk, wat Ben moes bydra om die aandele in Nasha Bpk te koop.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$[132\,000 \times 1\,123/100]$ $1\,482\,360 \checkmark\checkmark - 1\,231\,560 \checkmark$	250 800 ☒ *

4

Verduidelik TWEE voordele wat Ben sal verloor na die verkoop van sy aandele in Dodo Bpk.
Enige TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ • Hy sal nie meer besluite kan beïnvloed nie • Hy sal nie die mag hê om raad van direkteure aan te stel of te verwyder nie. • Sy stemreg sal beperk word. • Geen invloed op maatskappy se beleide. • Verbeur die voorreg van toegang tot data oor strategiese veranderinge. • Hy verloor 'n gedeelte van die dividend voorheen verdien.

4

Ben se % aandeelhouing in Nasha Bpk sal verander na die aankoop van addisionele aandele. Verduidelik TWEE potensiele uitdagings of probleme om 'n meerderheidsaandeehouer te wees.
Enige TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ • Groter aanspreeklikheid teenoor alle belanghebbendes. • Groter verantwoordelikheid om kernbesluite te neem wat maatskappy se toekoms raak. • Die moontlikheid om 'n aansienlike bedrag geld te verloor wanneer die maatskappy swak presteer. • Besluite geneem kan hom persoonlik bevoordeel en nie die maatskappy nie. • Hy mag blameer word indien die maatskappy swak presteer. • Sy reputasie word beïnvloed deur die maatskappy se publieke beeld. • Daar mag van hom verwag word om kapitaal te voorsien tydens uitdagende tydperke.

4

3.7 Sukses van 'n direkteur:

Verduidelik DRIE noodsaaklike eienskappe van 'n suksesvolle direkteur in 'n winsgewende maatskappy.

Enige DRIE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ ✓✓ deelpunte i.g.v. onvolledige of onduidelike antwoorde

- Goeie leierskap en bestuursvaardighede om die maatskappy te begelei tot winsgewendheid en volhoubaarheid.
- Neem strategiese besluite wat besigheids groei en volhoubaarheid bring/ Verstaan kernprosesse as riglyn tot die maak van ingeligte besluite..
- Het 'n duidelike langtermyn visie vir die maatskappy, identifiseer geleenthede vir uitbreiding en innovasie. Verstaan kernprosesse as riglyn tot die maak van ingeligte besluite. Neem besluite wat help om vertroue tussen belanghebbendes te bou.
- Handhaaf hoë etiese standaarde / Gedrag is eerlik en in die beste belang van die maatskappy.
- Verstaan en implimenteer goeie korporatiewe bestuur.
- Verseker dat maatskappy verantwoordelik optree met hoë etiese standaarde.
- Goeie kommunikasie vaardighede wat positiewe voorstelle duidelik oordra.
- Verstaan maatskappy wetgewing, voldoening en bestuur.
- Vertroud met mark tendense en dag-tot-dag bedrywighede.
- Verstaan finansiële verslagdoening beter.

6

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 4

4.1	4.1.1	Eksterne ouditeur ✓	
	4.1.2	Internasionale finansiële rapportering (verslagdoening-) standaarde (IFRS) ✓	2
4.2	Identifiseer TWEE korporatiewe bestuurskwessies wat duidelik blyk uit die Kings Bpk saak. - Gebrek aan deursigtigheid ✓ - Swak monitering (oorsig)/Gebrek aan effektiewe toesig ✓		2
4.3	Verskaf TWEE redes waarom deursigtigheid noodsaaklik is as 'n element van etiek rakende korporatiewe bestuur binne 'n maatskappy. Enige TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ - Dit verseker dat etiese praktyke gevolg word. - Dit bevorder vertroue tussen verskillende belanghebbendes. - Dit maak dit makliker vir maatskappy om areas vir verbetering te identifiseer. - Verseker dat belanghebbendes dieselfde inligting het. - Elimineer onetiese gedrag en finansiële ongerymdhede. - Dit voorkom binnehandel en beskerm minderheidsaandeelhouers. - Die maatskappy verhoog in waarde en word meer veerkragtig oor die lang termyn. - Identifiseer risiko's betyds en verseker vroegtydige ingryping.		4
4.4	Verduidelik TWEE rolle van 'n auditkomitee in die voorkoming van teenstrydighede in finansiële verslagdoening. Enige TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓ deelpunte vir onvolledige of onduidelike antwoorde - Hulle verseker dat die maatskappy aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beginsels (AARP)/IFRS voldoen om integriteit te handhaaf. - Hulle evalueer die maatskappy se interne beheermaatreëls om akkurate en betroubare finansiële verslagdoening te verseker. - Hulle hersien auditbevindinge en aanbevelings om die akkuraatheid van finansiële verslagdoening te verseker. - Hulle verseker dat die finansiële verslae akkuraat en volledig is en aan relevante standaarde en regulasies voldoen.		4
4.5	Gee DRIE gevolge van swak korporatiewe bestuur vir 'n maatskappy soos Kings Bpk. Enige DRIE geldige verduidelikings ✓ ✓ ✓ - Skade aan die maatskappy se reputasie/Verlies aan kliënteloyaliteit. 'n Aansienlike daling in aandeelwaarde. - Regsgevolge, soos regsgedinge en ondersoeke. - Swak finansiële bestuur wat bedrog of verlies sal verhoog. - Dit kan langtermyn sukses van die maatskappy negatief beïnvloed. - Krediteure mag huiwerig wees om krediet te verleen. - Huidige aandeelhouers mag hul aandele verkoop. - Skend vertroue van verskaffers, wat lei tot strenger kredietvoorwaardes.		3

TOTALE PUNTE		15
--------------	--	----

TOTAAL: 150